Tippie en die haas



Lees die storie:

Dit is 'n haas. Die haas is vaal. Die haas kom saam met Tippie. Die haas raas nie. Die haas gaan sit op die tas. Tippie kyk na die haas. Die haas is mak. Tippie vat aan die haas. Die haas skrik. Die tas val om. Tippie jaag die haas. Die haas gaan sit. Tippie gaan haal kaas. Hy gee die kaas vir die haas. Die haas eet die kaas. Tippie sit die haas in sy hok. Hy kyk na die haas. Die haas wil eet. Tippie gaan haal kos vir die haas. Die haas eet sy kos. Tippie gaap. Hy is vaak. Hy los die haas in die hok. Tippie gaan na sy bed. Hy gaan slaap.

Woordbou – skommel die klanke om die woord korrek te skryf	
paga	
kso	
koh	
aahs	
laav	

Beantwoord die volgende vrae in jou werkboek:

1. Watter kleur is die haas?

2. Waarop sit die haas?

3. Is die haas mak of wild?

4. Wat het Tippie vir die haas gegee om te eet?

5. Waarin het Tippie die haas gesit?

6. Waarom gaap Tippie?